

LOGIX VLEIS

ELITE TOEKENNINGS 2024



SA Stamboek is die organisasie wat aan die voorpunt van tegnologie in Afrika is, en ons stoettelers se diere is geteel om uiters goed aangepas en winsgewend te wees. Die volle siklus word gedek in die Logix Elite Kudde Toekennings: van die neem van gewigte en evaluering van koei vrugbaarheid, tot die gebruik van geneties meerderwaardige diere in die kudde om die volgende geslag te verwek.

Die Logix Elite Toekenning identifiseer die top Elite Stoetskuddes in Suid-Afrika. Die toekennings se vereistes is baie streng en die kuddes wat toekennings ontvang, is werklik uitstaande. Die kuddes wat Platinum, Dubbel Goud en Goue toekennings kry, is die beste 10% stoettelers in die land. Hulle voldoen aan streng vereistes, sodat verseker word dat hulle werklik uitstaande is, reeds jare in die stoetbedryf is en van die beste beskikbare tegnologie gebruik maak. Hulle diere beskik ook oor voortreflike prestasie. Punte word toegeken vir tydigheid en volledigheid van metings en die suksesvolle gebruik daarvan om bestuur en algemene winsgewendheid van die kudde te verhoog.

Tabel 1: Toekennings en vereistes vir deelname

TOEKENNING					
					
Platinum	Dubbel Goud	Goud	Silwer	Brons	Meriete
Top 10 Kuddes	>78%	>68%	>63%	>58%	>40%
Kuddes moet voldoen aan die volgende minimum vereistes: - Minimum kudde grootte van 100 vir Platinum en Dubbel Goud, en 80 vir Goud - Minstens 3 jaar in die stoetbedryf - Moet aan groeitoetse deelneem - Vorige jaar se prestasie is Silwer of beter vir Platinum en Dubbel Goud, en Brons of beter vir Goud			Top 20% van alle stoet kuddes oor alle rasse wat aanteken	Top 30% van alle stoet kuddes oor alle rasse wat aanteken	Meriete Kuddes
EVALUASIE PERIODE					
Tensy anders vermeld, word alle gewigte en metings wat tussen 01 Julie 2023 en 30 Junie 2024 aangeteken is, geëvalueer. Slegs groeitoetse wat in die betrokke tyd afgesluit is, word geëvalueer. Reproduksie data is volgens die nuutste data wat beskikbaar was met die berekening van die punte.					
Kuddes en Diere wat uitgesluit word uit die toekennings					
- Kuddes wat nie aktief deelneem aan Logix Diere Aantekening nie (m.a.w. net stambome aanteken). - Kuddes wat tydens die Elite Jaar geen nuwe geboortes aangeteken het nie. - Opgeskorte Kuddes - Embrio kalwers - Ingevoerde diere - FAF (eerste aanvaarding) diere					

LOGIX VLEIS

ELITE TOEKENNINGS 2024



Aftik Lysie: Waarvoor word punte gegee?

Punte vir sommige afdelings word op 'n persentasie grondslag bepaal, waar die aantal diere wat wel geweeë is uit die moontlike aantal beskikbare diere, in aanmerking geneem word. Alle moontlike diere moet dus gemeet word vir maksimum punte.

Die tydigheid van die indien van data is ook belangrik, omdat dit nie die moeite werd is om diere te meet en te weeg en dan nie die data te gebruik om die kudde te verbeter nie.

Dekkings en Kalftyd

1. Teken dekkings op 'n deklys aan vir verwagte kalfdatum. Dit is ook makliker om koeie wat oorslaan, uit te ken. (5 punte)
2. Indien die kuddegemiddeld vir die ouderdom waarop verse vir die eerste keer kalf, minder as 30 maande is, kry die kudde volpunte (10 punte).
3. Indien die koeie gemiddeld binne 'n jaar weer kalf, kry die kudde ook volpunte (30 punte).
4. Teken die geboorte aan en stuur die geboorte inligting na Logix binne 30 dae na die geboortes (5 punte).
5. Weeg die kalwers binne 3 dae van geboorte en die koeie binne 14 dae van die geboorte (10 + 3 punte).
6. Los ouerskappe op met DNA (10 punte) of genomies (10 + 5 punte).
7. Enige lewendige diere in die kudde wat 'n genomiese profiel het, verdien ook 5 punte vir die kudde.

Wegings

1. Weeg al die kalwers en hulle moeders by speen op dieselfde dag ($30 + 18 = 48$ punte)
2. Weeg kalwers ook naspeen vir 'n verdere moontlike 20 punte:
 - Verse en bulle op die plaas vir 12 en/of 18 maande gewigte
 - Bulle en verse wat in groeitoets geweeë word, word ook hier ingereken.
3. Indien alle moontlike bulle in 'n veld groeitoets gemeet word, word 'n addisionele 15 punte toegeken.
4. Indien daar ook diere in 'n intensiewe groeitoets gemeet word, kan tot nog 'n addisionele 8 punte verdien.
5. Indien al die diere wat wel in 'n groeitoets gemeet is, se vleiseienskappe ook addisioneel gemeet word mbv RTU skandering, kan nog 6 punte toegeken word.

Kuddegrootte

Die gemiddelde kuddegrootte vir meeste stoetkuddes, ongeag ras, is ongeveer 150 diere. Bo-gemiddelde kuddes kry meer punte, bloot omdat dit heelwat meer tyd en moeite is om groot kuddes se data te hanteer.

Genetiese meriete van die kudde

1. Koeie: Behou die verse van koeie met hoë Koeiwaardes – dit sal verseker dat die koeie se gemiddeld hoër is.
2. Bulle: Gebruik bulle met Koeiwaardes bo 100 (25+ punte).

Heelwat stoetkuddes meet slegs vrugbaarheidseienskappe en geboortegewigte. Sommige van hierdie kuddes het ook gekwalifiseer vir 'n meriete toekenning, indien kuddegrootte, genetiese meriete van ouers en ouerskapbepalings ook in ag geneem word.

LOGIX VLEIS

ELITE TOEKENNINGS 2024



Oos-Vrystaat
Gerdus de Klerk

Bonsmara
ABM 0600512



MPOLA TRUST

Eienskap	Beskrywing	Kudde Waarde	Kudde Punt	Max Punt	
AANTEKENING					
		Afdeling Totaal	75.3%	113	150
Deklys	Persentasie geboortes uit aangetekende dekkings	13.7%	0.7	5	
Ouerskap	Persentasie kalwers waarvan ouerskap bevestig is	63.5%	6.4	10	
Genomiese toetsing	Aantal genomies getoetste diere	3	5	5	
Geboorte gewig	Persentasie kalwers met geboorte gewigte	99.5%	10	10	
Koeigewig by kalwing	Persentasie koeie geweeg by kalwing	0%	0	3	
Speengewig	Persentasie kalwers geweeg by speen	98.5%	29.6	30	
Koeigewig by speen	Persentasie koeie geweeg by speen van kalwers	90.7%	16.3	18	
Na-speense gewig	Persentasie kalwers met naspeense gewigte	88.4%	17.7	20	
Groei toetse	Persentasie kalwers in groeitoetse	75.5%	11.3	15	
Inname metings	Aantal kalwers met inname metings	0	0	8	
RTU metings	Persentasie kalwers met RTU metings in groeitoetse	0%	0	6	
Kuddegrootte	Totale aantal aktiewe diere in kudde	618	16	20	

REPRODUKSIE						
		<i>Afdeling</i>	<i>Totaal</i>	<i>75%</i>	<i>37.5</i>	<i>50</i>
Versvrugbaarheid	Gemiddelde ouderdom met eerste kalwing		34m	9.1		10
Koeivrugbaarheid	Gemiddelde TKP tussen laaste 2 kalwings		400d	19.9		30
Dae sedert laaste kalwing	Persentasie koeie met DSLK > 365d		17.6%	3.5		5
Geboorte kennisgewing	Gemiddelde aantal dae vir aantekening van geboortes		25d	5		5

GENETIESE MERIETE					
		Afdeling Totaal	56%	56	100
Koeie	Gemiddelde Koeiwaarde van koeie	98.7	22.8	50	
Bulle	Gemiddelde Koeiwaarde van vaders	104.8	33.2	50	

TOTAAL

69% 206.5 300